



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrieff@framesby.co.za](mailto:nuusbrieff@framesby.co.za)

Uitgawe 152: 20 April 2018

## SOVEEL VOORREGTE EN GELEENTHEDE!

Die wêreld is nie almal se speelplek nie. Vir mense wat graag wil vashou aan 'n stel basiese waardes blyk dit al hoe moeiliker te wees om staande te bly binne hierdie skeefgetrekte omgewing waarbinne die grense tussen moraliteit en verval gaandeweg vervaag tot moeilik onderskeidbare newels. Die grootste uitdaging bly om jou greep op jou waardesiteem te versterk en om op jou knieë elke dag blymoedig aan te pak en te glo dat jy, en net jy, vandag hierdie wêreld 'n beter plek gaan maak. Die lewe is nie vir sissies nie!

Juis daarom moet ons 'n skool soos Framesby koester. 'n Skool wat, ondanks persepsies tot die teendeel, steeds 'n ligdraer bly vir bepaalde waardes. Dat ons missie en erekode gebaseer is op die fundamentele waardes waarop ons graag wil bou, maak nie van hierdie skool 'n model nie. Dis egter die tradisies, en die mense in hierdie skool, wat ons 'n realistiese kans gee om 'n model van 'n waardegedrewe opvoedkundige instelling te wees.

Lees mens die onlangse berigte oor die gewelddadige en misdadige kulture wat deesdae in baie skole in Gauteng die hoogty vier, kan mens net in verwondering en dankbaarheid ons Hemelse Vader prys vir die Genade dat Framesby steeds 'n plek is waar waardes soos respek, verantwoordelikheid, betroubaarheid, regverdigheid en medemenslikheid nog sentraal staan. En weer eens, hierdie dinge kom nie vanself, of omdat iemand dit wil afdwing nie. Dis die karakter van die gemeenskap waarbinne ons leef en werk, wat dit moontlik maak.

Juis daarom kan ons nie anders nie as om met groot dankbaarheid baie trots daarop te wees dat so baie van ons leerders die geleentheid om hul potensiaal te verwesenlik, entoesiasies aangryp. Dat die akademie in ons skool sentraal staan en 'n positiewe leeromgewing akademiese groei moontlik maak. Dat ons beskik oor 'n uiters bekwame en toegewyde personeel. Om nie eens te praat van die gehalte van sport- en kultuurafrigting en -ontwikkeling nie.

Maak die beste van elke geleentheid. Ons is bevoorreg!

## JAPAN: HIER KOM ONS!

Gepraat van geleentheid. Ons O/18-rugbyspan, altesaam 30 spelers en 5 volwassenes, vertrek Woensdagoggend na Johannesburg en later die dag via Hong Kong na Japan, om aan die Sanix World Rugby Youth Tournament deel te neem. Die toernooi begin op Saterdag 28 April en die span speel 6 wedstryde in 8 dae. Daarna vertrek hulle na Shizuoka, suidwes van Tokyo, waar hulle op 8 Mei 'n wedstryd teen 'n plaaslike span gaan speel.

Ons beste wense vergesel hierdie span. Hulle is eintlik onder baie groot druk, aangesien die verwagting is dat hulle minstens onder die top 4 sal eindig. Mag julle dit vreeslik geniet en mag julle ons ontsettend trots maak. Baie sterkte! Wys daai manne wat dit beteken om met Framesby te probeer mors!

**Onthou!**  
**FOV is oop**  
**Vrydagaande**  
Kom maak 'n draai,  
Kerrie en rys vanaand  
kom kuier gesellig saam

**Eksamenrooster**  
vir Junie op  
bladsy 3  
**Rugby, Netbal,**  
**Hokkie môre op**  
**ons velde!**

### VERJAARDAE HIERDIE WEEK

#### Saterdag

Nikita du Plessis, 11F  
Twane van Staden, 12C

#### Sondag

Isak Fourie, 8D  
Leonay Saunderson, 9D

#### Maandag

Mijaune Smith, 11C  
Lara Strauss, 9G

#### Dinsdag

Justin Carelse, 9C  
Luhan Fourie, 11F  
Wiehann Strydom, 11A

#### Woensdag

Marné Ackermann, 11D  
Shana de Villiers, 9F  
Nicéle Dorfling, 9D  
Mitchel Emslie, 9D  
Charné Kleinhans, 11B

#### Donderdag

Catherine Stow, 11B

#### Vrydag

Geen

# FRAMESBY IS TROTS OP ...

## BEPALING TEEN PEARSON DAWERENDE SUKSES!

As Hoërskool Pearson gedink het hulle het enige punte “gescore” met verlede naweek se sport- en kulturbepaling, sal hulle maar weer moet dink. Framesby se ysters het op die dag gewys wat die ware Framesby-karakter eintlik behels. Om met waardigheid deel te neem, en om altyd alles voluit te geniet, ongeag wen of verloor. En natuurlik, om nooit op te gee nie en altyd so kompetierend moontlik te wees. Dit was 'n FEES om te aanskou!

Ja, heelwat van ons sportspanne het verloor, maar dit pla uiteraard nie werklik as almal hul bes gedoen het nie. Ander spanne het egter uitstekende oorwinnings behaal, terwyl ons leerders Vrydag hulle wonderlik van hul taak gekwyd het in die kultuuraktiwiteite. In die proses het ons Pearson heelwat stof tot nadenke en selfondersoek gegee!

Ons het geweet dat ons maar swaar sal trek op die hokkieveld, en ons kon nie daarin slaag om 'n enkele wedstryd te wen nie. Pearson is egter uitstekend in hul hokkie en ons moet ons vertonings evalueer aan die hand van die veggees wat ons openbaar het. En hier het ons hokkiespanne uitstekend gedoen. Baie dankie daarvoor, al die hokkie-bokkies en ons hokkie-bulle. Trots op julle!

Op die netbalbaan het ons uiteindelik in 7 van die 12 wedstryde koning gekraai. Ons sou baie graag skoonskip wou maak, maar Pearson het hul oorwinnings verdien. Ons meisies het egter uitstekend gedoen en veral ons eerstespan sal baie waarde put uit hierdie teleurstelling. Baie geluk aan almal wat gewen het, veral ons O/16's wat al hul wedstryde gewen het. Volgende keer maak ons dit 12 uit 12!

Op die rugbyveld het ons hulle maar lelik ore aangesit. Met die uitsondering van ons O/15A-span het al ons spanne gemaklik gewen en kon baie van die tellings heelwat hoër gewees het. Pearson moet gelukkig word met hul entoesiastiese en moedige spel, en ons weet dat bepaling soos hierdie baie kan bydra om hul rugby te versterk. Ons manne was egter op die dag net te goed vir hulle. Dit was duidelik dat die ondervinding wat Framesby oor jare in 'n baie sterk liga opgedoen het, die groot verskil op die dag was. Baie geluk aan al ons rugbymanne. Aan al ons leerders, op die sportveld, op die verhoog of as ondersteuners: BAIE DANKIE, dat julle net julle self was en die dag 'n belewens gemaak het. Dis lekker om 'n Framesby te is!

## LANDLOOP-ATLETE BLINK IN EERSTE LIGA-BYEENKOMS

Die eerste landloopliga-byeenkoms het die afgelope Woensdag by Otto du Plessis plaasgevind. Framesby het hierdie byeenkoms met baie minder atlete as gewoonlik aangedurf aangesien 'n klomp atlete nog ná die ASA-kampioenskappe gerus het. Nietemin het verskeie atlete die Framesby-vaandel hoog gedra. In die spankompetiese het ons die so/15-, so/17, do/17- en do/19-afdelings gewen. Baie geluk aan almal!



Intussen is ons atlete hard aan die oefen vir die Build It-aflos wat op Woensdag 9 Mei plaasvind. Spanne van 4 lede elk, wat elkeen 2km moet hardloop, sal teen mekaar meeding.

Die inskrywingsgeld is R100 per span en heelwat pryse is op die spel. Seuns-, dogters- sowel as gemengde spanne kan inskryf. Skakel Mev. Marinda Cronje by 041 360-1257 om in te skryf.

## PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 21 April	Sondag 22 April	Maandag 23 April	Dinsdag 24 April	Woensdag 25 April	Donderdag 26 April	Vrydag 27 April
<b>Sport: Tuis</b> Rugby vs DP Netbal vs DP en Linkside Hokkie: vs Linkside	Afskeid vir Japan-groep	Dag 1 Rugby Prov Proewe (Ultenhage)	Dag 2 VCSV Koffiecroeg Hokkie (D) vs Alex	Dag 3 Japan-groep vertrek (06:30) Hokkie (D) vs Alex Netbal Challenge Landloopliga	Dag 4 Rugbyspan in Japan	Vryheidsdag

# JUNIE-EKSAMENROOSTER

Hieronder verskyn die rooster vir die Junie-eksamen. As deel van die eksamen, word die stelwerk-vraestelle op Maandag 21 Mei (nie aangedui in die huiswerkboekie nie), en Vrydag 25 Mei afgelê. Na afloop van die toetsgleuf op Maandag sal die skooldag normaal voortgaan (Periode 1 tot 7). Die eksamen begin amptelik op Vrydag 25 Mei. Soos aangedui, sal eksamens vir die senior leeders op sommige dae in 'n oggend- en middagsessie afgelê word. Alle reëlings in hierdie verband, sowel as skryfnye, sal later deurgegee word.

	Gr 8	Gr 9	Gr 10		Gr 11		Gr 12	
			Oggend	Middag	Oggend	Middag	Oggend	Middag
Vr 25/5	Eng P3	Eng P3	Afr V3		Eng P3	VS	Afr V3	IT V1
Ma 28/5	SW (Gesek)	NW (LW)	CAT V1 IT V1	LO	LW	IGO	Wisk V1 WG V1	LO
Di 29/05	Eng P2	EBW	BS V1		CAT V1		Eng P2	IGO V1
Wo 30/5	NW (FW)	Eng P2	Wisk V1 WG V1		Rek		CAT V1	
Do 31/05	SK	Wisk	Afr V2		Eng P2	Toer	Afr V2	
Vr 1/06	Musiek Xhosa	LO	Geo V1 Mus V1	Geo V2 Mus V2	FW V1		Wisk V2 WG V2	
Ma 4/06	Eng P4	SW (Geo)	Wisk V2	BS V2	FW V2		FW V1 Toer	
Di 5/06	Afr V2	Teg	LW	IGO	IT V1		CAT V2	
Wo 6/06	LO	Afr V2	Rek		Afr V2		Geo V1 IT V1 Mus V1	Geo V2 Mus V2
Do 7/06	SW (Geo)		Eng P1	VS	Wisk V1 WG V1	LO	Eng P1	BS
Vr 8/06	EBW	Afr V4	FW V1		Afr V1		FW V2	
Ma 11/06	Wisk	SW (Gesek)	FW V2	Toer	Wisk V2 WG V2		LW	
Di 12/06	Afr V4	Musiek Xhosa	Eng P1		CAT V2		Afr V1	
Wo 13/06	NW (LW)	Eng P4			Geo V1 Mus V1	Geo V2 Mus V2	Rek	
Do 14/06		NW (FW)	Afr V1		Eng P1	IT V2	VS	
Vr 15/06	Teg	SK	CAT V2 IT V2		BS		IGO V2	

## SPORTPROGRAM MÔRE TEEN DP EN LINKSIDE

### RUGBY

TYD	A-VELD	TYD	B-VELD	TYD	C-VELD
08:30	O/14A	08:30	4de	08:30	O/14C
09:30	O/15A	09:45	O/16B	09:30	O/15C
10:30	3de	11:00	DP 5de	10:30	O/14B
11:40	2de			11:30	O/15B
12:50	o.16 A				
13:50	Framesby Dansers				
14:00	1ste				

### DOGTERSHOKKIE

TYD	A-VELD	TYD	B-VELD
08:00	O/16B	08:00	
09:00	1ste	09:20	Beginners
10:00	O/16A	10:00	O/16C
11:00	2de		

### SEUNSHOKKIE vs Westering

08:00	O/16	Westering Astro
10:00	1ste	

### NETBAL

	Baan 1	Baan 2	Baan 3
8:30	O/18 vs DP	O/16C vs Linkside A	O/14C vs DP
9:00	O/16D vs Linkside B	O/14D vs Linkside B	
9:30	DP O/18 vs Linkside	O/16C vs DP A	O/14C vs Linkside A
10:00	DP O/14A vs Linkside		
10:30	O/18 vs Linkside		



# ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIËL

## MET ANDER OË KYK

Hoe word dit moontlik om gehoorsaam te word aan die gebod dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself? Beslis nie deurdat ons in eie krag probeer om die gebod te gehoorsaam nie.

Die liefde is van alle dinge die mees spontane. Dit wel uit die hart op. Dit kan nie sonder meer deur 'n bevel tot stand kom nie. Liefde kan nie gefabriseer word nie. Liefde is eintlik iets wat oor 'n mens kom. Dit is nie soseer dat jy die liefde het en daarvoor beskik nie, as dat die liefde jou het en jou beweeg. Goddank is dit gelukkig nie so dat ons in eie krag aan die gebod van die liefde hoef te probeer gehoorsaam nie. God maak dit vir ons moontlik, selfs maklik om dit te doen. Dit doen Hy deurdat Hy aan die gebod altyd 'n toepassing vooraf laat gaan. Voordat Hy ons gebied om Hom lief te hê, sê Hy eers aan ons dat Hy ons liefhet. Ons liefde tot God hoef dus niks anders te wees nie as dankbare weer-liefde (1 Johannes 4:19). Is dit nie maklik om iemand lief te hê wat ons eerste liefhet nie? Maak net jou hart vir sy liefde oop. Liefde wek liefde.

En wat die liefde vir ons naaste betref, ook daar het God raad. Dit is nie vir ons moeilik om iemand lief te hê wat vir ons aantreklik is nie. As ons iets beminliks in iemand sien, antwoord ons hart daarop met liefde. Nou is ons groot probleem dat daar so baie mense is in wie ons absoluut niks kan sien wat die liefde in ons kan opwek nie. Inteendeel, vir sover hulle ons nie heeltemal koud laat nie, stoot hulle ons selfs af. Hulle irriteer ons miskien. Miskien is hulle selfs ons vyande en die natuurlike ding is eerder om hulle te haat. Of hulle vra 'n opoffering van ons (die noodlydendes, hulpbehoewendes en armes) en ons wil ons nie graag by hul ellende laat betrek nie. Hoe kan ons sulke mense liefhê?

Nie in eie krag nie. Nie deur maar net te probeer nie. Maar wel wanneer die Heilige Gees dit vir ons moontlik maak. Hy maak die onmoontlik vir ons moontlik deurdat Hy ons help om al hierdie mense anders te sien as wat ons hulle van nature sou sien. Ons sien in hulle skepsels van God, mense wat na Sy beeld gemaak is, mense ter wille van wie Christus Homself oorgegee het tot in die dood. En omdat ons met ander oë na hulle kyk, ontdek ons dat selfs hulle ons liefde werd is. As God hulle liefhet, kan ons hulle ook deur Sy Gees leer liefhê.

Die spreekwoord sê dat liefde blind is. Ons sou egter liever kon sê dat liefde baie skerpsigdig is. Die liefde ontdek in 'n ander wat die liefdelose nooit in hom sal sien nie. En die Gees van Gods liefde open ons oë om in die onbeminlike naaste die waarde te ontdek, die vreemde waarde, wat God aan hom heg. As ons met die oë van Christus leer kyk, is liefde nie meer moeilik nie.

Uit *Die Burger*, 25 Oktober 1980

## SONË KRAAI WEER KONING IN BOOGSKIET

Ons het verlede jaar berig oor die twee Müller-susters, Soné en Karla, wat intussen gematrikuleer het, se uitstekende prestasies in Boogskiet. Hierdie jaar het Soné op die prestasies voortgebou toe sy teen die einde van Maart deelgeneem het aan die Oos-Kaap-kampioenskappe in Grahamstad. Sy het die goue medalje verower in die Standaardboogafdeling vir Junior Vroue en so haar prestasie van verlede jaar herhaal. Baie geluk, Soné. Dis 'n wonderlike prestasie. Miskien moet leerders wat moontlik belangstel in die sport bietjie gaan kers opsteek by Soné. Hier loop dalk nog potensiële kampioene rond!

Baie sterkte vir die kompetisies wat voorlê, Soné. Ons is baie trots op jou!

## PA-SEUN-AAND

18 Mei 2018 - 18:00 in die skoolsaal

Spreker: Dawie Spies

Koste: R50 per persoon (2 sosaties en rolletjies)

Klubhuis oop

Kaartjies by Algemene kantoor beskikbaar

## MOEDERSDAGTEE OP 12 MEI

**Kraggakamma Gemeente nooi alle dames uit na ons**

**MOEDERSDAGTEE**

**12 Mei om 14:30 in Hoërskool Framesby se Saal**

**Kaartjies teen R150 pp beskikbaar by Niekie:**

**041-3601484 of 0825618747**

**Moenie hierdie bederfdag misloop nie.**

**Daar is wonderlike pryse op die spel.**

ARTIST WAREHOUSE

THE TOITSKLOOF